ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Augustus 1991

# VDM

Jaargang 1/1 Augustus 1991

# BEDIENAARS VAN DIE WOORD

Een van die vorige geslag teoloë se Gamaliëls sou volgens oorlewering gereeld in die klas gesê het:"Broers(daai tyd was daar nog nie susters in die klas nie) eenmaal 'n jaar preek jy 'n preek wat niemand kan verstaan nie, net om die onderwysers te wys jy't ook 'n graad." Wees egter verseker dat al kan een van die geëerde medewerkers van VDM by 'n 156 Suid-Afrikaanse inheemse bome op Latyn roep, is die titel VDM nie 'n poging om in vreemde tale te spreek nie. Grieks en Hebreeus om van Aramees nie eens te praat nie is seer sekerlik genoeg.

Ons werk met die voorveronderstelling dat VDM 'n redelik algemeen bekende afkorting is. Veral ons predikante broers skryf dit mos graag agteraan ons name. As ons nou na dit gryp as 'n naam vir hierdie blad is dit nie om die VDM nou vooraan(voorop ?) te skryf en so die Dominee te vervang nie. Alhoewel dit nie altyd 'n ewe slegte idee sou wees nie. 'n Domineeskerk is mos altyd 'n ongewenste onding.

*'n Domineeskerk is mos altyd 'n ongewenste onding.*

As inding wil VDM juis die kerkvolk ondersteun in hulle taak as Verbei Divini Minister. Profeet-, priester- en koning wees beteken mos elke lidmaat is self ook Bedienaar van die Woord. Dis egter duidelik BVW sal nie werk nie. Dit klink teveel soos 'n verskuilde agent van die Ontvanger.

Ten spyte van die Latyn het VDM dus geen verskuilde of apokaliptiese betekenis nie, maar staan ons openlik vir die bediening van die suiwere evangelie soos wat dit tot uitdrukking kom in die drie formuliere van eenheid. Ons wil graag sien dat hierdie kosbare gereformeerde erfenis weer eiegoed van alle lidmate(en predikante !) word. As gelykwaardige VDM's sal die onderskeid lidmate en teoloë jou nie meer laat dink aan die middeleeuse leke en geestelikes nie. Ja, ons sal dan almal VDM agteraan kan skryf.

*VDM is 'n gebruikersvriendelike blad met die klem op gebruik.*

VDM is 'n gebruikersvriendelike blad met die klem op gebruik. Ons wil praktiese, eenvoudige materiaal daar stel wat gebruik kan word in die bediening van die suiwere evangelie. Elke uitgawe gaan poog om 3 kort preeksketse, nie die eksegese nie - net die finale raamwerk, daar te stel. So kan al die BSA[1]-predikante nou VDM[2]-leraars word. Bybelstudies, kategese lesse en -toetse, KJA-programme, aktuele besprekings oor praktiese sake en vele meer sal van die ander konkrete hulpmiddels wees. (Blaai om asb.)

1 Beslis Saterdag Aand
2 Voor Donderdag Middag

Gebruik dit en stuur vir ons joune. Let wel hierdie is nie 'n kettingbrief nie. Daar sal niks met jou gebeur as jy dit doen of nie doen nie. Jou ondervinding of manier van doen kan dalk net iemand anders ondersteun en help in die bediening van die evangelie.

Dit is voor die handliggend dat VDM se medewerkers nie voorgee om alles van alles af te weet nie. Glo dit as jy kan, ten spyte van die reeds en ons liefde vir die belydenisskrifte se helderheid het ons nog nie saam met die Fariseërs gearriveer nie.

Neem gerus jou pen op en neem deel aan die gesprek op die aktuele bladsye of oor enige ander bydrae. Al wat lekkerder is as gesprek oor die evangelie is nog meer gesprek oor die evangelie.

Ons hoop jy sal VDM se eerste uitgawe geniet en handig vind om te gebruik al het jy nie 'n graad nie. Mag dit veral ook dien as ondersteuning in die stryd van die bediening van die suiwere evangelie om te weet dat jy nie alleen is nie.

Voorwaar is ons nie alleen nie. Sy Seun het gekom **Vir Die Mense.**

---

# "MY ENIGSTE TROOS....."

Bavinck sê dat wanneer hy die bekende geloofsartikel "Ek glo in die Heilige Gees", in doodgewone verstaanbare spreektaal vertaal, dan kom hy tot die volgende konklusie:

*"Ek glo in 'n geheimsinnige Iemand, wat hier by my is, wat binne in my is, wat my armsalige gesukkel en gespartel sien, en wat my stilletjies vashou en my ongemerk van binne af telkens weer nuwe krag gee. Dit glo ek."*

Nou sou 'n mens sekerlik daarteen moet waak om die werk van die Heilige Gees as 'n mistieke, geheimsinnige saak voor te stel.

Maar tog lê hierin oneindige troos. Dat God deur Sy krag en deur Sy gees in my tot stand bring, en my bring, waar Hy weet dat dit vir my die beste is. Soms ook ten spyte van my!

R.F. Erasmus.
Ned. Geref. Kerk. DrakensbergVallei.

REDAKTEUR: Danie O'Reilly.
TEGNIESE REDAKTEURS: Christo Viljoen en Jaap Naude.
MEDEWERKERS: Soos vermeld per bydrae.

ADRES: Die Redakteur, Posbus 8005, Putfontein,1513
TEL: (011)968-1116

KOSTE : Intekengelde beloop R24 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 28 bladsye kos ongeveer R 6.

FREKWENSIE: VDM verskyn telkens as hy gereed is, maar nie minder as vier keer per jaar nie.

*Hiermee teken ek.............................................................*
*op VDM in. My adres is:*
.............................................................................
.............................................................................
...............

*Die R24 intekengeld word hierby ingesluit.* ☐
*Die R24 intekengeld kan van my kredietkaart. verhaal word.* ☐
*Visa* ☐ *MasterCard* ☐ *Die nommer is:*

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Augustus 1991

PREEKSKETS OU TESTAMENT
Deuteronomium 1: 1-8; 19-33

# KORTPAD?

In ons dag is tyd baie kosbaar. Nie een van ons het genoeg daarvan nie. Almal kla oor te min tyd. En tog bly tyd iets fassinerends. Ons kan tyd nie vashou nie, dit glip deur ons vingers. En dan is dit ook so dat tyd vlieg.

Die uittog uit Egipte het ook tyd geneem. Hoe lank het dit geneem? 40 jaar sê vers 3.

*Eintlik is Deuteronomium net 'n klomp preke om die volk te herinner dat hulle aan die Here behoort.*

Ons moet onthou dat Deuteronomium se geskiedenis afgespeel het net voor die Israeliete Kanaän ingetrek het. Daar het Moses weer met die volk gepraat, ja, eintlik is Deuteronomium net 'n klomp preke om die volk te herinner dat hulle aan die Here behoort, dat hulle Sy volk is en aan Hom gehoorsaam moet wees wanneer hulle die nuwe land binnetrek.

Vers 2 trek dadelik die aandag. Op die oog af lyk die vers soos 'n invoegsel. 'n Mens lees sommer maklik daaroor, want dit maak moeilik sin." DIT NEEM 11 DAE VAN HOREB (SINAI) TOT BY KADES-BARNEA".Veral omdat ons net daarna in vers 3 lees: dit het hulle 40 jaar geneem.

*'n Gebrek aan vertroue maak 'n 11 dae uitstappie 40 jaar langpad.*

Hoe moet ons dit verstaan ?

Vanaf vers 19 word hierdie gedeelte verder toegelig. Ons lees daar dat dit die kortpad was soos die Here hulle beveel het om te trek. Net daarna kom die versekering 'n hele paar keer waarin die Here vir hulle opdrag gee om die beloofde land in besit te neem.

*Deuteronomium sê as jy op jouself reken gaan jy tweede kom - al vat dit 40 jaar.*

Dis duidelik van Sinai, waar God sy verbond met Israel gesluit het en dit telkens bevestig het, die verbond met al die beloftes en seën, tot by Kades-Barnea die drumpel van die beloofde land waar God al sy beloftes waar maak, neem dit net 11 dae.

Maar lees ons in vers 26 : Die volk wou nie optrek nie. Hulle was ongehoorsaam. Hulle het gemor en gemurmureer en dan veral in vers 32, hulle het God nie vertrou nie. Daarom is die uiteinde 40 jaar langpad vir hierdie 11 dae roetetjie.

*Eie beslissings is langpad - Christus alleen is kortpad.*

In ons lewe is daar ook vir ons baie onsekerhede of dreigende gevare of nuwe uitdagings. Ja baie redes waarom ek eerder op myself wil vertrou en nie God se pad wil loop nie. Die vraag is: kan ons sonder die Here leef? Kan ons dit waag om ongehoorsaam te wees, om nie ten volle op Hom te vertrou nie?

Ja, ons kan, maar dan moet ons weet uit Deuteronomium 1 dat ons tweede gaan kom. Hierdie gedeelte waarsku teen ongehoorsaamheid aan die Here en Sy Woord, teen 'n eie godsdiens (eie god) en teen staatmaak op jouself.

'n Gebrek aan vertroue in God word 'n lang pad. 'n Lang "40 jaar" van eie heil probeer uitwerk en steeds nie die beloofde land ingaan nie.

Laat ons eerder ons eie paaie(pogings) los en

God se heilsweg loop. Jesus Christus. Hy is God se kortpad. Hy het ons gekoop met Sy bloed, ons is Sy volk. Reeds by ons doop het God dit vir ons gesê. Ons kan, nee, ons moet Hom op Sy Woord neem.

Juis daarom kan ons ook leef soos mense wat dit glo. Daarvoor is daar geleenthede in oorvloed soos eredienste, KJA byeenkomste, kategese, Bybelstudie ensovoorts.

Deuteronomium wil ons aan hierdie kortpad herinner, wil ons daaroor bemoedig, meer nog dit pleit by ons: Vlug weg van die langpaaie van self doen - loop God se kortpad, ja, gee Hom die eer.

Dit is die kortpad in u en my lewe.

Emile Naudè.
Ned. Geref. Kerk, Impalapark.

---

# LOFPRYSING:

## DIE NUUTSTE VISIE VIR DIE N.G. KERK !???

*Hulle sê: "Ons loof die Here glad nie soos ons moet nie. Ons leef so ver van ware lofprysing af, dat dit geen wonder is dat die Here ons nie seën nie. Vandat ons die lofprysingskursus in Pretoria bygewoon het, het ons 'n nuwe visie vir die N.G. Kerk. Ons moet die Here loof soos in die Ou Testament...... God is met niks minders as dit tevrede nie. Gelukkig is daar darem al 36 gemeentes in die N.G. Kerk wat met lofprysing begin het en* ander *sal ook tot beter insigte kom.*"(sic)

Met hierdie visie bestorm hulle die gemeentes en begin "die ware gelowiges en ontvanklikes" vir die "Evangelie van Lofprysing" opkommandeer om in kleiner groepe die mense te leer om te lofprys.

*Party ouens roep net so af en toe iets uit. Maar byna almal hef hulle hande omhoog en ervaar daarmee 'n dieper belewenis van hulle oorgawe aan God.*

Hulle leer die toegewydes net soos hulle self deur die geesvervulde dominees, sangers en ouderlinge tydens die vyf dae in Pretoria geleer is, om te maak.

Aan die begin is die ouens maar stram, maar hulle word met Ou Testamentiese tekste toegelig totdat hulle begin maak soos Dawid wat voor die ark gedans het. Nou-ja, nie almal maak so nie. Party ouens roep net so af en toe iets uit. Maar byna almal hef hulle hande omhoog en ervaar daarmee 'n dieper belewenis van hulle oorgawe aan God.

*Mense wat nie saam doen nie kom onder verdenking: Glo hulle werklik? As hulle waarlik glo, sal hulle mos wys hulle ken die Here.*

Mense wie die Evangelie van verlossing glo en nie aandag op hulleself wil trek nie, wat eerder stilstaan en wegkyk na Christus Alleen, kom onder verdenking: Glo hulle werklik? As

hulle waarlik glo, sal hulle mos wys hulle ken die Here, of hoe? Die kerkraad wat ook nie die ding koop nie, bewys daarmee hoe on-Gees vervuld hulle werklik is! Daar is net een oplossing hiervoor moontlik: gebed! "As die Here tog sal gee dat ons dooie gemeentes sal herleef en waarlik met lofprysing sal begin soos ons in Pretoria geleer het!"

> *"Driekwart van die kerkraad is nie gered nie...die gewone gemeentesang beteken omtrent niks nie.*

Praat jy met sekeres (let wel: sekeres) van die gesalfdes wat die kursus bygewoon het maak hulle opmerkings soos: "Driekwart van die kerkraad is nie gered nie." En: "Ware herlewing sal alleen deur lofprysing kom." Vra jy wat beteken die huidige sang in die gemeentes, is die antwoord: "So te sê niks." Jy lei so stadig maar seker af dat daar 'n direkte korrelasie is tussen hoe hard en met hoeveel demonstrasie jy 'n ding vir die Here sê en doen, en hoe goed Hy dan daarna luister en jou dan seën. Sagte sang en musiek met min beweging, beweeg God ook min. Maar harder sang met meer beweging (met geen inhibisies), laat God ook meer reageer. God sien immers of jy met oorgawe bedoel wat jy doen of nie, en dan reageer Hy in dieselfde mate as jou oorgawe. (As dit die ware definisie vir "herlewing" sou wees, is die N.G. Kerk tot in ewigheid dood.)

> *Die hoeveelheid seën wat jy ontvang is afhanklik van hoe hard en met hoeveel demonstrasie jy iets vir die Here sê en doen.*

Ons leen toe een van die "Lofprysings"-kursusboeke en begin dit lees, en hoe verder ons lees, hoe meer verbaas word ons:
1. Die kursus is geskryf deur iemand wat in die (of baie baie simpatie het met die) Spade Reënse "kerk" . Hulle staan ook bekend as die "Blou Rokke". Hulle het na bewering weggebreek van die "AGS-kerk". Die AGS staan vandag nog daarop dat hulle profesie meer waar is as die "Blou-Rokke" s'n...maar ons wil nie in hierdie geveg betrokkke raak nie...ons glo nog die Bybel.


2. Niemand minder nie as 'n dominee in die N.G. Kerk het die kursus uit Engels in Afrikaans vertaal.

> *Hulle teken selfs 'n prentjie om te wys hoe 'min' Jesus vir ons gedoen het. Hy bring jou net tot in die poort van die Tabernakel.*

Op bladsy 4 van die blou (!) kursusboek het hulle nogal 'n prentjie om vir jou te wys hoe min Jesus vir ons gedoen het. Hulle teken die prentjie met Jesus wat jou net tot in die poort van die Tabernakel gebring het. Hulle verduidelik die hele kursus verder dat ons nou vir Jesus moet help om by God uit te kom. Hoe? Deur LOFPRYSING en AANBIDDING. Jy gaan deur vyf fases nl.

a. Jesus bring jou (net) tot by die poort:
b. Danksegging - jy stap die tabernakel binne;
c. Lofprysing (minderwaardige soort) - jy stap deur die heilige deel van die tabernakel;
d. Lofprysing (beter soort) - jy vorder tot voor die toe gordyn van die allerheiligste;
e. Aanbidding - jy maak die gordyn eiehandig oop en gaan sit op God se skoot.

Skematies gebeur dit so:



Kan jy sien: As die heilsweg so lyk, is dit belangriker as die lewe self om lofprysing te doen.... hoe sal jy anders by God in die allerheiligste kan uitkom? Nou verstaan mens ook dat hulle ten alle koste die soort lofprysing moet doen: Hulle ganse redding hang daarvan af!

4. Toe ons by bladsy 74 en verdere bladsye van die kursus kom, sien ons wat agter dit alles sit. Al die geskree en geroep en gewuif en gedans

> *Met so 'n heilsweg is dit belangriker as die lewe om lofprysing te doen - jou ganse redding hang daarvan af.*

en ge-musiekinstrumente en ge-dromme is alles dinge wat in 1950s in die Spade Reënse "kerk" gebeur het.

Daar het hulle "gregoriaanse krete" gegee en met koordanse begin. Die skrywer beweer ook dat hy self direk uit die hemel uit, 'n visioen (bladsy 89 ev) gehad het en dat God nou eers (na 1900 jaar) die kerk kom "herstel". En die "herstel" gebeur deur hierdie soort lofprysing en aanbidding.

En nou is die genoemde dominees van Pretoria besig om die N.G. Kerk te leer om dieselfde dinge te doen as wat die Spade Reëners al vir30 jaar lank doen!

> *Al die geskree en geroep en gewuif en gedans en ge-musiekinstrumente en ge-dromme is alles dinge wat in 1950s in die Spade Reënse "kerk" gebeur het.Daar het hulle "gregoriaanse krete" gegee en met koordanse begin.*

Dit was ook strategies slim van die skrywer om eers sy ware kleure op bladsy 74 ev te wys, want dan trek die kursus al by die derde dag en het die kursusgangers se lywe al losgekom vir lofprysing. By die tyd is die koppe van die kursusgangers ook al oop en ontvanklik vir al die visioene waarvan die kursus met soveel piëtistiese verwaandheid vertel.

**ONS DINK TOE: MAAR DIS 'N ANDER HEILSWEG DIE !**

MEER ONS DOMINEES HET DAN 'N PLEGTIGE LEGITIMASIE-EED AFGELê DAT ONS DIE HEILSWEG VAN DIE "DRIE FORMULIERE" ONDERSKRYF OMDAT DIT MET GOD SE WOORD OOREENSTEM.

Ons bely en glo mos dat Jesus die volkome Middelaar tussen God en ons is en dat Hy - ongeag ons lofprysing of enige pogings - ons as Ewige hoëpriester voor God verteenwoordig.

As ek nou vir Jesus moet help, of God in beweging moet bring (deur danksegging, lofprysing en aanbidding), dan glo ek mos nie meer die Evangelie nie. Dan is Jesus mos nie

> *"..hulle verloën met die daad die enigste Verlosser as Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem." - HKS Vr 30*

meer 'n volkome en sterk genoeg Middelaar nie! Dan verloën ek mos vir Jesus Christus met die soort lofprysing.

Die Heidelbergse Kategismus stel dit duidelik: VRAAG 30: Glo die mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of *iewers anders* soek, ook in die enigste Verlosser Jesus? ANTWOORD: Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser as Heiland, Jesus, *alhoewel hulle met die mond in Hom roem.* Slegs een van twee dinge is immers moontlik: of Jesus is nie 'n volkome Verlosser nie, **of die wat hierdie Verlosser met 'n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is.**

Verstaan tog goed: Hierdie kursus sê oor en oor: "Jesus" en "God" en hulle praat van Hom in verhewe en oortreffende trap. Maar van die

> *Die volkome Middelaarskap van Christus kom in die gedrang met die soort lofprysing.*

volkome en genoegsame Middelaarskap van Jesus Christus weet die skrywer konsekwent NIKS!

Nou vra ons: verstaan die genoemde dominees

en al die entoesiastiese lofprysers (nog) die Evangelie? Want as hulle die Evangelie verstaan, waarom moet die "Blou Rokke" se danse en visioene dan nou as norm vir ons kerk geld? Van wanneer af is die "Blou Rokke" hoegenaamd naby aan Gereformeerd? As die genoemde dominees die Evangelie verstaan het, sou hulle die kursus vertaal of gebruik het?

Ek en nog baie ander "onlofprysende" dominees, kerkraadslede en lidmate skud ons koppe in stomme verbasing. Oor vier jaar en duisende verwarde mense later sal die "Lofprysings-visie" verby wees, net soos baie ander "visies" ook al in ons taxi-kerk gekom en gegaan het.

Ons stel 'n nuwe visie, nee 'n ou visie -
DIE VISIE,
vir ons geliefde kerk voor:

JESUS CHRISTUS...WIE HY WERKLIK IS EN WAT HY VIR ONS DOEN.

Hennie van Schalkwyk.
Ned. Geref. Kerk, Malvern.

---

# DOOP APPèL

# beKEER JOU !

**Gesprek met gedoopte verbondskind.**

LET WEL: Hierdie is nie 'n model, voorbeeld of resep vir so 'n gesprek nie - dit hang tog af van elke individuele geval. Die volgende kernpunte is egter sake wat aandag behoort te kry.

**Inleidingsvraag:**

Wat beteken dit vir jou dat jy gedoop is?

**Uitgangspunt:**

JOU DOOP IS DIE KRAGTIGSTE OPROEP OM JOU TE BEKEER.

1.JOU DOOP BEWYS JY IS 'N VERBONDSKIND

Om VERBONDSKIND te wees beteken
* God is jou liefdevolle VADER
* Jesus is jou VERLOSSER
* Die Heilige Gees WOON IN JOU

Hierdie feite word in jou doop VERSEëL.
* Dis vir jou 'n WAARMERK van God self.
* Dis God se HANDTEKENING wat die egtheid bevestig

*Jou doop is 'n sigbare teken dat so seker as wat water was, is jou sonde weggewas.*

Jou doop dien vir jou as SIGBARE TEKEN.
* SO SEKER AS wat water was, IS jou sonde weggewas
* Dis JOU BEWYS VAN GOD dat jou skuldbewys vernietig is

MAAR hoe kan dit? Jy het as baba dit

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Augustus 1991

tog nie geweet nie? Om van verstaan en glo nie eens te praat nie.

Behalwe dat ons hier met een van die die wonders van die doop te doen het , sien ons

2. GOD LAAT KINDERS DEEL IN HULLE OUERS SE VERHOUDING MET HOM.

KINDERS van VERBONDSOUERS is verbondskinders.
* Noag, Lot, Abraham, 5 Nuwe Testament gesinne, 1Kor. 7:14 ens.

Ouers STAAN IN vir hulle KINDERS.
* Joh. 4:43...Jaïrus, tekenregte, besluite.

*Al weet jy as baba nog nie wat jou naam is nie is dit reeds geldig vir jou.*

Baie dinge is REEDS GELDIG VIR JOU, al weet jy dit nog nie byvoorbeeld-
* Jou naam, jou erfenis.

Nou dat jy dit egter weet en verstaan ROEP jou doop op:

3. VAT IN GELOOF WAT JOUNE IS VIR JOU.

Toe het jy nie geweet nie, maar NOU WEET JY.
* Wat staan jou nou te doen, noudat jy ingelig is?

Eenvoudig! GLO dit!!
* GELOOF is om te aanvaar wat joune is is joune.
* Dit is om God OP SY WOORD TE NEEM.

*Geloof is om God op sy Woord te neem.*

ONGELOOF maak jou doop KRAGTELOOS.
* Dit wys jy VERWERP Gods genade.

DUS jou DOOP is die STERKSTE OPROEP wat tot jou kom om TOT BEKERING te kom.
* Om te GLO in God is om TOT bekering te kom.

So 'n GELOOF(vertroue in God) loop asof vanself uit op 'n

4. 'N LEWE VAN DANKBAARHEID.

Hierdie DANKBAARHEID is geanker en gegrond in God se GENADE.
* Nou streef jy om God se WIL te DOEN.
* Daagliks, nee oomblik tot oomblik DRAAI jy jou rug op die sonde.
* Die HK sê jy lê die ou mens af en neem die nuwe mens op.

*Dankbaarheid is om jou daagliks te bekeer van jou sonde.*

DUS jou DOOP is die STERKSTE OPROEP wat tot jou kom om jou te BEKEER VAN jou sonde.
* Om die nuwe lewe te leef is om jou te bekeer VAN die sonde.
* Dit gebeur van oomblik tot oomblik.

**Samevattend:**

Jou doop bevestig dat jy aan die Here behoort.

Jou doop roep jou op om dit te glo.

Jou doop roep jou op om te leef soos iemand wat dit glo.

Dawie Bredenkamp
Ned. Geref. Kerk ImpalaPark

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Augustus 1991

# AS KLEIN DINGETJIES DINK

Om die evangelie op 'n eenvoudige wyse oor te dra is beslis 'n navolgingswaardige ideaal. As dit kom by die kleintjies aan wie die koninkryk van God behoort is dit beslis dubbel waar.Gebruik gerus die volgende in jou bediening aan 'diesulkes'. Miskien sal dit hulle help om te verstaan dat GOD groter is as die three easy steps van die kinderevangeliste.

---

*Hallo Jy, mensekind,*

*Ek wat hier vir jou skryf is 'n Miemie. Daar is vreeslik baie van my soort; grotes, vettes, langes, maeres, lelikes, mooies - maar ek is 'n Miemie net soos ek. Nie een ander Miemie is soos ek nie.*

*Jy vir wie ek skryf, vir jou noem ek sommer 'n Kallie. Ek dink dis eintlik 'n mooi en 'n lekker naam vir 'n Karnallie - dis wat mensekinders mos is: Karnallies. Daar is vreeslik baie Kallies; stoutes, soetes, dikkes, dunnes, slimmes, dommes. Daar is natuurlik seuns-Kallies èn dogter-Kallies, Natuurlik! Maar onthou tog, net jy is jou eie spesiale Kallie, nie een ander Kallie is soos jy nie.*

*God. - Jy het mos al van Hom gehoor? Wonder jy oor Hom? Belangriker nog, verwonder jy jou oor Hom? Weet jy wat is wonderlik? Dit is juis Hy wat jou láát wonder!*

*Ek is 'n Miemie wat sommer net weet dat ons moet dink (wonder) en dat ons baie moet lag. God, Hy laat ons dink en as ons Hom en Syne bedink en bewonder, dan kom die groot blywees in ons en dan lag ons.*

*Ek en jy, ou Kallie, ons gaan saam dink en wonder oor God. Jy weet, Dawid se psalms is almal eintlik verwonderinge oor God. Hy noem dit in Ps. 104 "bepeinsinge". Hy vra in vers 34 dat hierdie bepeinsinge vir God aanneemlik sal wees. Ons bid ook, m.a.w. vra ook vir God om ons te help om reg oor Hom te dink.*

*Ons moet egter altyd onthou dat ons God die Almagtige, Heilige, Ewige is en dat ons net met groot ontsag en eerbied voor Hom kan nader en oor Hom kan dink.*

*Skryf asseblief vir my oor jouself, liewe Kallie en oor hoe jy oor God dink. Onthou om jou naam en adres by te sit. Hier is die adres waarheen jy jou brief kan pos:Die Miemie*
*Posbus 2427*
*Springs1560*

*Moenie vergeet om lekker te lag nie, en as jy die dag dink dat jy niks het om oor te lag nie, dan dink jy weer oor God en lees weer hoe Dawid in Ps.104 oor God gedink het. Dan sal God weer vir jou die blywees gee.*

*Baie liefde*
*Die Miemie. (Ek hoop net nie dis dieselfde as Die DONALD nie en dan het ek nou nie vir vriend Eend op oog nie. RED.)*

---

Laat hierdie ietsie van 'n JKJA-tannie oftewel 'n Miemie ook vir ons almal 'n les wees dat ons nie alles van God af weet nie. Ja dat ons grotes ook nog maar kan dink en wonder en verwonder wees oor God en sy onbegryplike liefde vir sondaars. En dat ons veral daarteen sal waak om in ons vereenvoudigings nie die suiwere evangelie te vervlak(vervals?) tot 'n how to nie.

Die Bybel sê mos dis beter vir so iemand om iewers in die see gegooi te word en dit sonder enige belofte van walvisse wat jou sal oppik.

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Augustus 1991

BYBELSTUDIE NUWE TESTAMENT

# DIE EVANGELIE

VOLGENS

# JOHANNES

INLEIDING

**1. Hoekom word die verhale oor Jesus se lewe nou juis 'n evangelie genoem ?**

..................................................................................

..................................................................................

Die woord Evangelie beteken goeie boodskap of blye boodskap. En dit is juis omdat dit die goeie boodskap omtrent Jesus Christus op die voorgrond plaas, dat dit as Evangelie onderskei word van ander literatuurvorme soos bv. geskiedskrywing of briewe.

> *'n Evangelie het eiesoortige kenmerke wat in ag geneem moet word wanneer ons dit bestudeer.*

As Evangelie het dit eiesoortige kenmerke wat in ag geneem moet word wanneer ons dit probeer verstaan.

Kyk ons nou na hierdie goeie boodskap in die Bybel sien ons dat dit deur nie minder as vier evangelieskrywers aan ons vertel word nie.

**2.Hoekom dink jy is daar vier evangelies?**

..................................................................................

..................................................................................

**3.Hoe gebeur dit dat hulle van mekaar verskil?**

..................................................................................

..................................................................................

**4.Watter een is reg of die meeste reg?**

..................................................................................

..................................................................................

..................................................................................

Om hierdie vrae reg te antwoord moet ons onthou dat die Bybel nie 'n wetenskap- of geskiedenishandboek is nie.

Verder dat ons met 'n evangelie te doen het, wat as primêre doel die goeie boodskap aangaande Jesus bekend wil maak.

Met dit alles in gedagte kan ons sonder vrees vir teëspraak sê dat nie een van die evangelieskrywers 'n presies chronologies, feitlik korrekte lewensverhaal van Jesus wou neerskryf nie.

Belangriker as 'n histories korrekte weergawe was die goeie boodskap wat verkondig moes word.

> *In 'n evangelie is die goeie boodskap wat verkondig moes word belangriker as 'n histories korrekte weergawe van gebeure.*

Natuurlik het hulle nie stories opgemaak nie, maar elkeen het die gebeurtenisse volgens sy eie skema opgeteken.

So bly die gebeure (die inhoud) dieselfde, maar afhangende van die skrywer word sekere aspekte net meer uitgelig terwyl andere miskien weer weggelaat word.

Die verskille tussen die vier evangeliste is dus nie as gevolg van foute nie, maar as gevolg van die verskillende benaderings van die onderskeie skrywers. Dink maar net hoe verskil ooggetuies se weergawes van dieselfde ongeluk.

'n Huisvrou oftewel 'n tuisteskepper sal byvoorbeeld sê: "Die motor het in die dwarstraat afgejaag gekom en sonder om te stop binne in die ander een, wat met skreeuende bande probeer stop het, vasgejaag."

'n Ingenieur aan die anderkant sal dit dalk as volg beskryf. "Motor A het vanuit 'n oostelike rigting teen ongeveer 80 kilometer per uur die verkeersteken verontagsaam en teen motor B wat vanuit 'n suidelike rigting beweeg het, gebots."

Ten spyte van die verskille, is hier duidelik nie sprake van reg en verkeerd of waar en onwaar nie. Albei is tog ware weergawes.

*Die bestaan van vier evangelies wat nie presies dieselfde is nie help ons om die boodskap van die onderskeie skrywers te snap.*

Alhoewel die ingenieur miskien nou tegnies meer korrekte terme gebruik en selfs die spoed en rigting aandui, is die huisvrou se weergawe nie minder waar nie. Inteendeel sy vertel ook nog van die ander motor wat remme aangeslaan het, terwyl die ingenieur dit glad nie noem nie.

Vier evangelies wat dieselfde verhaal vertel is dus nie 'n kwessie van oortollige goeie werke of onnodige oorvleueling nie, maar dien veeleerder as 'n aanvulling vir mekaar en help ons sodoende om 'n vollediger prentjie te kry.

Netso hoef die verskille nie probleme te veroorsaak nie. Om die waarheid te sê dit kan ons help om 'n bepaalde evangelis se bedoeling makliker te begryp.

Deur byvoorbeeld te vra hoekom Johannes die tempelreiniging anders as Lukas en Matteus beskryf of hoekom hy sekere gebeure soos die bruilof by Kana opteken terwyl hulle dit weglaat, kan dit ons help om beter te verstaan wat Johannes wil sê.

Die evangelie van Johannes is geskryf, **"sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in Sy Naam die lewe kan hê."** Jh 20:31

In hierdie teks vind ons die hele evangelie van Johannes in 'n neutedop saamgevat - Jesus is die Christus (Messias), ons moet dit glo en so skenk Hy in Sy Naam - uit genade - die ewige lewe.

Johannes wil veral die heerlikheid van Jesus as God aandui en daaruit voortvloeiend die heerlikheid van Sy genade, wat 'n vrye geskenk van God af is sonder enige meewerking deur die mens.

Johannes se evangelie is vir ons soms onverstaanbaar en duister want hy klee sy boodskap in op 'n unieke manier. Hy maak byvoorbeeld baie gebruik van simbole en praat dikwels op 'n dubbelsinnige wyse.

Geen wonder dat hy in die verlede beskou is as die "teoloog" van die Nuwe Testament nie. So asof teoloë die geneigdheid het om onverstaanbaar en duister te wees?

Met bogenoemde as agtergrond en benaderingsmetode gaan ons nou die evangelie van Johannes van naderby bekyk.

WATER WORD WYN - Johannes 2: 1 - 13
(Volgende uitgawe)

Danie O'Reilly.
Ned. Geref. Kerk, Benoni-Oos.

DIE PLEK VAN

# GELOOF EN BEKERING

## IN DIE LEWE VAN DIE KERK

Om in 'n klaskamer op universiteit of rondom 'n teekan of waar ook al te filosofeer oor die sola fide van die reformasie in die sestiende eeu is heel aanvaarbaar.

Sodra 'n dominee egter in 'n gemeente begin sê dat ons saligheid alleen deur geloof in die Evangelie is en dat sonde belydenis en berou geen bydrae tot die vergifnis kan maak nie, is daar dadelik 'n skare van ware wedergebore Christene wat beskuldigings maak.

So 'n standpunt beteken dat 'n mens nie meer in bekering glo, nie meer wedergeboorte belangrik ag nie, graag losbandigheid wil bevorder en nie 'n persoonlike verhouding met God het nie, so word beweer.

> *As jy deesdae staan op die reformatoriese geloof alleen dan word gesê jy glo nie in bekering en weergeboorte nie en dat jy losbandigheid bevorder.*

Hierdie beskuldigings word dadelik uit alle oorde, veral deur ons geleerde broers geregverdig, as sou sulke predikante antinomiste wees, neo-lutherane, voorstanders van die objektiewe heil, skeurders van die balans tussen die regverdigmaking in tyd en die regverdigmaking in ewigheid, ja dat hulle die indikatief oorbeklemtoon teenoor die gesonde balans van die imperatief.

Die ironie is dat die broeders wat hulle op die genade deur geloof alleen beroep meestal nie weet wat beteken die woord antinomisties nie (*Dit is dieselfde as anti-nomianisties - Red.*)en nog nooit vir Luther gelees het nie.

> *Ten diepste gaan dit om boetedoeningspraktyke teenoor die waarde van geloof en bekering.*

Die standpunt inname as predikant in 'n gemeente waar lidmate tot hulle ore toe besig is met boetedoenings praktyke, gaan nie oor wanneer 'n mens tot bekering moet kom en of bekering nodig sou wees nie.

Dit gaan oor die waarde en werking van geloof in die Evangelie tot redding teenoor die waarde van bekering soos uiteengesit in die belydenisse.

Ons kan die eie plek en waarde wat geloof en bekering in die lewe van 'n Christen inneem toelig met die voorbeeld van iemand wat moord gepleeg het.

Hy word gevange geneem en verskyn voor die

regter in die hof. Voor die verhoor begin sê die aangeklaagde hy erken en bely dat hy die moord gepleeg het. Wat sal so 'n erkenning die man help?

Kan die man verwag dat omdat hy die moed en die eerlikheid gehed het om te erken dat hy die moord gepleeg het, die regter hom moet vryspreek?

Inteendeel. Elke oortreding het 'n gelykwaardige straf om die reg te laat geskied.

'n Mens kan nie die skending van die reg om te lewe herstel met 'n boete van R10-00 nie. Die erkenning van 'n moord is nie so mooi en edel daad dat die erkening en belydenis van skuld, die straf op moord of kan verander of kan wegneem nie.

As die man erken en bely dat hy die moord gepleeg het sal hy vir die eerlikheid en opregtheid en moed die doodstraf ontvang.

*Elke oortreding het 'n gelykwaardige straf om die reg te laat geskied.*

Verder, sê nou maar dat die man nie net erken dat hy die daad gepleeg het nie, maar dat hy ook werklik besin het oor wat hy gedoen het en wat die omvang en die konsekwensies van sy daad was en dat hy aan die hof en die regter meedeel dat hy ook bitter jammer is vir wat hy gedoen het. Hy sien in dat dit verkeerd was en voel innig spyt oor wat hy gedoen het.

Kan dit die regter beweeg om te sê omdat die man so spyt is dat hy die moord gepleeg het, kan hy maar huis toe gaan? Ook dit sal die moordenaar nie help nie. Die regter en almal sal diep dankbaar wees vir die berou en dan sal hy ter dood veroordeel word.

Ons kan die voorbeeld verder uitbrei. Die man wil graag getuig van 'n baie belangrike keuse wat hy na die besef van sy oortreding gemaak het. Hy het besluit dat hy sy lewe gaan verander en hy beloof dat hy nooit ooit weer in sy hele lewe so 'n moord sal pleeg nie. Hy is nou vir altyd en vir goed klaar met moord in sy lewe.

Kan dit die man help om nie die ter dood veroordeel te word nie? Dit kan nie. Al maak die man die belofte van 'n nuwe lewe en dat hy nooit weer sal moor nie, is dit nie die punt nie.

Die punt is dat hy die straf op die moord wat hy gepleeg het moet dra. Sy beloftes en besluite is baie goed maar dit kan nie die vonnis verander of wegneem nie. Hy moet die vonnis kry vir die daad wat hy gepleeg het.

Die nuwe lewensvoorneme kan nie die vonnis wegneem nie. Al sy jammer en sy goeie voornemens ten spyt kan die straf nie werklik verander nie. Sy goeie voornemens kan die regter nie van sy oordeel laat afsien nie. Dit help niks en het geen waarde om die straf wat hy moet dra of te verander of te verlig nie. Die dade kan die regter nie van sy oordeel laat afsien nie. Dit kan nie die straf keer nie.

Nog kan die man verder gaan. Hy kan sê dat hy nie net besluit het om nooit weer te moor nie, maar van nou af gaan hy net vir die goeie in die lewe kies. Hy wil graag vir sy medemens en God lewe. Hy sal vir die res van sy lewe hom toewy aan naaste diens en godsdiens. Hy sal sy tyd en lewe vir sy naaste gee.

Dis goeie besluite en mooi besluite, maar kan die regter dit aanhoor en dan besluit dat die man nie gestref hoef te word vir die moord wat hy gepleeg het nie?

Nee, die regter kan nie. Die straf moet geskied en die reg kan nie geskied deur 'n moord te straf met maatskaplike dienste en take nie. Die mooi ondernemings en besluite kan nie die straf keer nie.

Na die straf uitgedien is kan die nuwe beloftes nagekom word. Maar daar is net een probleem. Die straf vir moord is die dood. Na die dood is daar baie min geleenthede vir die mooi beloftes.

Belydenis van, berou oor en wegkeer van sonde is waardeloos in terme van die straf wat vir ons sondes betaal moet word.

Hierdie voorbeeld wys die waarde van die dade van die moordenaar t.o.v. die straf wat hy vir sy onreg moet dra. Dit help niks en het geen waarde om die straf wat hy moet dra of te verander of te verlig nie.

Die dade kan die regter nie van sy oordeel laat afsien nie. Dit kan nie die straf keer nie. Dit is duidelik. Die dade is waardeloos in terme van die straf op die onreg en die skuld wat betaal moet word.

*Belydenis van, berou oor en wegkeer van sonde is waardeloos in terme van die straf wat vir ons sondes betaal moet word.*

Net so is dit met die sondes van die sondaar teenoor God. Die belydenis van sondes, berou oor sonde, die kies vir 'n nuwe lewe van toewyding aan God, die besluit om nie weer te leef soos in die verlede nie en die inspanning om die goeie te doen kan nie die straf van God op die sonde òf verander òf wegneem nie. Dit kan nie eers die straf van God op die sonde ligter maak nie.

## DIE STRAF OP DIE SONDE

Die straf van God op die sonde van die mens is die ewige dood. Die straf is die enigste wyse waarop die sonde herstel kan word. Die straf moet gedra word deur die mens. Daarom is daar by God ook nie 'n tipe vergifnis waar sonde nie gestraf word maar sommer net oorgesien word nie.

## JESUS DRA DIE STRAF

Dit wys ons die plek van die Jesus se werk. Die werk van Jesus is dat hy:

1. Die oordeel van God teen ons sonde gedra het. Dit is die inhoud van die lyding van Jesus. God reken die oordeel van die sonde teen hom. (Wat gely het)

2. Jesus is as 'n sondaar en vir die sonde van die wereld aangekla deur God en Hy moes onder Pontius Pilatus rekenskap doen vir die sonde van die wereld teen die aanklag van God. (Wat gely het onder Pontius Pilatus.)

3. Hy is vir die sonde van sondaars veroordeel en aan die vervloeking van God oorgelewer. (Wat gekruisig is.)

4. Hy het die boete van die sonde betaal deur sy lewe as 'n offer vir die sonde af te lê. (Gesterf het.)

5. Hy is aan die angs oorgegee deurdat Hy deur God verlaat is en die verwerping van die sondaar gedra het. (Wat ter helle neergedaal het.)

Hierdie werke van Jesus het hy gedoen, nie omdat hy vir sy eie dade gevonnis is nie. Hy het geen sonde voor God gehad nie. Hy was heilig en rein voor God.

## WAT DIE INHOUD VAN VERGIFNIS IS.

Dit is wat vergifnis by God is. Hy spreek ons vry daarvan om die straf en oordeel op ons oortredings te dra, want Jesus het dit vir ons in ons plek gedra.

**Vergifnis is nie 'n jammerte** wat sê: omdat jy bely het, berou gehad het, beloof het om dit nie weer te doen nie of belowe het jy sal nou anders lewe, sal jy nie meer gestraf word nie.

**Vergifnis is dat Jesus in ons plek aangekla is, veroordeel is, gevonnis is, geboet het en gestraf is** sodat ons nie eers in die hof hoef te verskyn nie.

## WIE GLO WORD VERGEWE

Die werk van Jesus tel vir die wat Hom daarvoor vertrou. Volgens ons voorbeeld: Die regter sê dat ons nie hof toe hoef te kom om die aanklag te hoor of ons self hoef te verdedig nie. **Hy het iemand gekry wat vir ons sal instaan.**

As ons die regter vir hierdie goedheid vertrou, dan kan ons maar gaan. Dit is al wat Hy vra. **Dit is die plek van geloof in die lewe van die kerk. Dit vertrou op die plan wat die regter vir ons gemaak het.**

Terwyl ons gedink het ons sal in die hof moet tereg staan en aangekla word het die regter al reeds die plan gemaak dat hy iemand gee wat in ons plek verskyn. Ons kan hom vir die plan vertrou. As ons dit en die persoon wat vir ons instaan aanvaar, is ons vrygespreek en hoef ons nie eers in die hof te verskyn nie.

## BEKERING KOM VOORT UIT DANKBAARHEID

Dit bring ons by die regte plek van bekering en berou oor sonde in die kerk. As die straf deur Jesus weggeneem is en ons seker is deur die geloof van wat Hy in die hof en teregsteling vir ons verdien het, kan ons nie anders as om hom te dien en te dank nie. Dit doen ons dan deur te erken dat ons dade nie reg is en strafwaardig is, dat ons berou het oor ons dade, dat ons wegbreek van die sonde en die wil van God sal soek.

onmeetbare goedheid en wysheid gemaak en uitgevoer het.

Kom ons sluit weer met die voorbeeld af. As die moordenaar hoor dat hy nie hof toe hoef gaan nie en nie gevonnis word nie, dat iemand anders in sy plek gestraf en gevonnis is, dan het dit waarde dat hy berou het oor sy daad, dat hy breek met die verkeerde, dat hy die nuwe geleentheid om te lewe aangryp en hom aan die goeie toewy. As vrygespreekte leef hy dan 'n nuwe lewe.

## DIE PLEK VAN GELOOF EN BEKERING IN DIE GETUIENIS VAN DIE KERK

Die krag wat ons aan die Here toewy en ons in sy diens stel is die werke wat Jesus gedoen het om ons te regverdig voor die Here. Deur ons geloof in hierdie werke deel ons die kragtige werking van die Here om ons in alles in te sluit wat nodig is om God te ken en te dien.

Die waarheid van 'n lewe wat van sondes bekeer is, is net moontlik indien ons voor God vergewe en vrygespreek staan en ons seker is van die vryspraak in ons eie gemoed.

*Wat noem 'n mens 'n gedoopte kind wat nog nie die Here as sy persoonlike Saligmaker aangeneem het nie?*

*Hoe klink 'n ongelowige (doop)lidmaat van die Kerk?*
*Of wat van 'n onwedergebore Christen?*
*Of 'n begenadigde verlorene?*
*Of is dit dalk 'n gedoopte heiden?*

## BEKERING HET WAARDE AS DIE STRAF REEDS GEDRA IS EN VERBY IS.

Die dade het dan waarde. Voor die vonnis is die dade betekenisloos en kan dit die vonnis nie verander nie. Maar as ons vrygespreek en vergewe is deur die werk van Jesus en daar geen oordeel of straf meer op ons sonde sal wees nie, dan kan ons nie anders as om die nuwe lewe wat die straf van Jesus aan ons gegee het uit te leef nie. Dan het die dade waarde vir God. Dit toon ons dank vir die plan wat Hy vir ons in sy

Hierdie sekerheid ontvang ons waar die evangelie reg verkondig word en geloof as die middel om die evangelie te omhels verkondig word. As bekering op so wyse verkondig word dat dit die wyse word waarop ons die vergifnis verdien en ontvang is die hele waarde van bekering uit dankbaarheid vernietig.

Daarom moet die lidmate van die kerk altyd die inhoud van die getuienis wat hy hoor toets, of dit die regte verkondiging van vergifnis deur geloof en bekering uit dankbaarheid is.

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Augustus 1991

# DIE WARE EN DIE VALSE GETUIENIS OOR VERGIFNIS

| VALSE GETUIENIS | | WARE GETUIENIS |
|---|---|---|
| VERGIFNIS DEUR BEKERING | | VERGIFNIS DEUR GELOOF |
| Ek was 'n sondaar wat niks vir God omgegee het nie. Ek het gedoen net wat ek wou en het geleef net soos ek wou. Ek was 'n tradisie christen.<br><br>Ek het toe besef dat ek verlore en op pad hel toe is. Ek het diep berou gehad oor alles wat ek teenoor God verkeerd gedoen het. Toe het ek my sondes voor die Here bely, ek het hulle een vir een op die naam genoem. Ek het vir die Here gesê dat ek 'n keuse maak om nie meer vir die sonde te lewe nie, maar net vir hom te lewe. Ek het my hart aan die Here gegee. Ek het die beheer van my lewe aan God oorgegee.<br><br>Toe het die Here my sondes vergewe en het ek die ware geluk in die lewe ontdek. My lewe het net so verander. God het in my lewe ingekom. Hy het my alles geword. Ek was nie meer in beheer van my lewe nie maar God. Dit het ware geluk, vrede, voorspoed en betekenis in my lewe gebring. | | Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde,<br><br>En in Jesus Christus sy eniggebore seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die Almagtige Vader, van waar hy sal kom om te oordeel, die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.<br><br>Ek glo in die Heilige Gees,<br><br>ek glo aan die heilige algemene christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;<br><br>die vergewing van sondes; die wederopstanding van die vlees en 'n ewige lewe. |

Die kerk van die Here verkondig die evangelie van wie Jesus is en dat sy dade genoeg is om die volle straf van God vir ons sonde te dra. (Rom. 1:1-17). Die tipe verkondiging van bekering as die weg tot vergifnis, vernietig die waarheid van die evangelie en die waarheid van bekering uit dankbaarheid en liefde omdat God ons eerste lief gehad het (1 Joh.4:7-5:5).

Met hierdie voorbeeld is dit duidelik dat die waarde van geloof is dat daardeur en alleen daardeur die vergifnis van sonde ontvang kan word. Bekering het geen waarde om die straf van die sonde of te verlig of te verander nie. In terme van die regverdigmaking is dit waardeloos. Bekering se waarde is alleen daarin gelë dat dit die wyse is waarop die Here vir die vergifnis in Christus gedank en geloof word.

Petrus Kriel.
Ned. Geref. Kerk Levubu.

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Augustus 1991

*'N PREEK-ILLUSTRASIE*

# DIE DRENKELING

Die Goeie Nuus, sê Efesiers 2:8-10, is dat God ons jammer gekry het toe ons onsself nie kon red nie.

Toe het Hy ingegryp en ons op Golgota gered, sonder om selfs vir ons te vra of ons gered wil wees of nie. Of selfs sonder om te vra of ons dit verdien of nie.

God het dit op eie inisiatief gedoen, net omdat Hy ons so liefgehad het dat Hy dit nie oor Sy hart kon kry om ons in ons helse gemors te los nie. En ons het nie eens 'n vinger gelig om God hiermee te help nie.

*God kon dit nie oor Sy hart kry om ons in ons helse gemors te los nie. ... ons het nie eens 'n vinger gelig om God hiermee te help nie.*

Daarom sing ons in die kerk met vreugde en dankbaarheid Gs. 10:2.

"Voordat ek kon kies, kon vra,
het U Seun my vloek gedra,
Ek kon vind: U't my gekry
voor ek nog my skuld bely."

Dis soos 'n man wat al die 'SWEM VERBODE" bordjies geïgnoreer het en in die see gaan swem het. Die sterk seestroom het hom vinnig ingetrek en kort voor lank was hy in die moeilikheid.

Al sy gespook het hom niks nader aan die land gebring nie. Dit het net sy laaste bietjie krag getap. Ten einde laaste het hy maar boedel oorgegee en begin sink om nooit weer op te kom nie.

Gelukkig het die lewensredder homraakgesien en na hom toe geswem om hom te kom red.

So 'n paar tree van die drenkeling af het hy water getrap en vir die drenkeling gesê dat as hy gered wil word, moet hy eers sê dat hy jammer is dat hy die "SWEM VERBODE" bordjies geïgnoreer het.

Om te bewys dat sy berou eg is, moet hy die laaste paar tree na die lewensredder toe swem. Eers wanneer hy die lewensredder omhels het, sal hy gered wees...

Maar dis mos nie goeie nuus nie!! En jy's heeltemal reg. Veral nie wanneer jy aan die einde van jou kragte gekom het en besig is om vir oulaas te sink nie.

Tog is daar baie wat dit as die "Goeie Nuus" aan drenkelinge voorhou. "God het jou op Golgota kom red"' sê hulle, "maar jy moet eers jou sonde besef, in berou na Jesus kom en dit bely, en Hom as jou persoonlike Verlosser aanneem voordat jy gered kan word".

Nee, die goeie nuus is dat die lewensredder gesien het dat die man in die moeilikheid was lank voordat hy dit self besef het. Terwyl hy besig was om te sink, het die lewensredder tot by hom geswem en hom kom red.

Die enigste bydrae wat die drenkeling tot sy eie redding gelewer het was om hom teen te sit teen die reddingspoging van die lewensredder.

*Die enigste bydrae wat die drenkeling tot sy eie redding gelewer het was om hom teen te sit teen die reddingspoging van die lewensredder.*

Die lewensredder moes hom oorrompel om hom op sy rug te kon draai sodat hy gered kon word. In die arms van die lewensredder kon die drenkeling rus. Hy was nou in veilige hande. Hy kon die lewensredder vir sy redding vertrou.

Uit dankbaarheid vir die kans om weer te kan lewe, en diep onder die besef van sy sou 'n mens verwag dat die man van toe af binne die grense wat die lewensredder daar gestel het, sou bly.

Ongelukkig is daar ook tekste soos Romeine 7:19 in die Bybel.

Maar dis weer 'n ander storie....

Noël Schreuder.
Ned.Geref.Kerk Die Parke, Newcastle

# 'N ANDERSE KATKISASIEKLAS

## Toets jou kennis.

| | |
|---|---|
| 1. God gee die mens wel genoeg krag om te volhard en is bereid om dit in hom te bewaar, mits die mens sy plig doen. | W \| O |
| 2. As al die genadewerkinge wat God gebruik om die mens te bekeer, voltooi is, kan die mens nogtans God en die Heilige Gees wat sy weergeboorte beoog en hom weergebore wil laat word, so weerstaan - en hy doen dit inderdaad ook dikwels - dat hy sy weergeboorte geheel en al verhinder. | W \| O |
| 3. God kies mense uit omdat Hy vooruit gesien het dat hulle tot geloof, bekering, heiligheid en godsaligheid sal kom. | W \| O |

As jy op al drie vrae ONWAAR geantwoord het dan sal jy dit geniet om verder te lees. As jy op een WAAR geantwoord het dan sal jy dit miskien nie so geniet nie, maar jy kan maar verder lees. As jy op meer as een WAAR geantwoord het dan gaan jy dalk sukkel, maar jy MOET beslis verder lees.

Al drie hierdie stellinge is deel van die dwalinge wat deur die Dordtse leerreëls verwerp word.

Nadat 'n paar kerkraadslede ook deur hierdie skadelike en growwe dwalinge wat versinsel van die mens se brein is[1] om die bos gelei is, het

1 Dordt beskryf dit so! En dat dit teen die hele Skrif stry.

hulle versoek dat 'n "katkisasieklas vir kerkraadslede" op die been gebring moet word, met die doel om die belydenisskrifte beter te leer ken.

> *Ons kerkmense, leraars en lidmate weet nie meer wat ons kerk bely nie. Baie van hulle (die meeste )sal eerder met die verwerpinge saamstem.*

Hierdie tipe toerusting is baie nodig as mens onthou dat "Vir toelating tot belydenis word 'n behoorlike kennis van die Woord van God en van die leer van die kerk soos uitgedruk in die belydenisskrifte,...... , vereis." (Kerkorde Bepaling 50.4.2 Suid-Transvaal).

Die anti-kerkorde mense en die wat reken die belydenisskrifte is outyds of tendensieuse geskrifte wat nie te ernstig opgeneem moet word nie sal daarby baat om kennis te neem dat die Algemene Sinode van 1990 beklemtoon het dat die kerk die belydenisskrifte glo omdat hulle in ooreenstemming met die Bybel is.

Vra gerus jou dominee om jou te sê hoe hy die belydenisskrifte onderteken het: qua[1] of quae[2]?

> *Ons glo in die belydenisskrifte omdat hulle niks anders as die Bybel sê nie.*

Alwyn Roux is iemand wat nog weet wat die verskil is, selfs op Latyn. Hy ken ook die Belydenisskrifte(al drie) op die nommer af.

Hy is tans besig met 'n konkordansie van die belydenisskrifte, maar 'n ander keer meer daaroor.

Wat nou hier volg is hoe hy die belydeniskrifte gekombineerd aanbied in sy gemeente.

# LES 1

# DIE CHRISTELIKE TROOS (1)

Elke mens in hierdie lewe het troos(dis iets anders as om gelukkig te wees) nodig, veral as dinge waaroor hy geen beheer het nie sommer maar "met hom gebeur", sonder dat hy iets kan doen om dit te verhinder of te verander. Dinge soos droogte, siekte, lyding, die dood, dinge waarop die mens nie bevredigende antwoorde kan gee nie.

Hierdie troos moenie maar net 'n troos wees nie, dit moet TROOS wees; ENIGSTE TROOS. Nie net 'n vertroosting in hartseer nie, maar 'n troos waaraan ek kan vashou selfs al word ek met die dood gekonfronteer.

Is dit nie juis die dood wat vir elke mens 'n werklikheid gaan word nie?

---

1 Qua: *omdat* dit ooreenstem met die Skrif.
2 Quae: *in soverre as wat* dit ooreenstem met die Skrif.

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Augustus 1991

Ander dinge wat die behoefte aan troos skep tref nie alle mense nie, almal ervaar nie egskeiding of kanker nie, maar die dood is vir almal 'n gewisse krisis. Diè feit jaag skrik aan en roep na troos.

Die mens soek troos in sy lewe, maar as die lewe eindig, eindig die behoefte aan troos nie. Die troos is veral ook nodig vir die ewigheid wat op hierdie lewe volg, 'n ewigheid waar elke mens tot verantwoording geroep gaan word oor die lewe wat verby is.

Die gedagte aan verantwoording selfs oor elke woord wat gesê is en elke gedagte wat gedink is, is ontstellend, want waarop gaan ek my beroep of beroem oor al die blapse van die lewe? Gaan daar een heel reputasie oor wees? Diè gedagte laat my smag na troos!

Die behoefte aan troos ontstaan dus as die mens homself sien soos hy is: As sondaar!

Art. 14 van die NGB noem dat die mens hom willens en wetens aan die sonde en daarom aan die vervloeking en dood onderwerp het toe hy na die duiwel geluister het.

> *Diè lewe met sy kwellinge jaag skrik aan en roep na troos. Troos wat ook verder as hierdie lewe strek.*

Die sonde van Adam en Eva het die hele menslike geslag in die verderf gestort. (Sien art. 15 van die NGB)

HK vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens vandaan? Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys. Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.

DLR 1.7 ".. Hierdie menslike geslag het deur hulle eie skuld van hulle oorspronklike ongeskondenheid in sonde en verderf geval ...".

DLR 3/4.1:"..maar deur die ingewing van die duiwel en uit hulle eie vrye wil het hy hom van God losgeskeur en homself van hierdie uitnemende gawes beroof. Daarenteen het hy in die plek daarvan oor homself gebring: blindheid"

> *Die mens het hierdie troosteloosheid self oor hom gebring.*

Daarby word dan genoem dat God toornig is oor die sonde en die mens geen onreg sou aandoen om hom vanweë die sonde te veroordeel nie. (DLR 1.1) Inteendeel Sy regverdigheid eis dat die sonde tydelik en ewiglik gestraf moet word!

DLR 2.1: "God is nie alleen in die hoogste mate barmhartig nie, maar ook in die hoogste mate regverdig.

Sy geregtigheid - soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het - eis dat ons sondes, wat teen sy oneindige majesteit begaan is, nie alleen met tydelike nie, maar ook met ewige strawwe na siel en liggaam gestraf moet word.

Ons kan aan hierdie strawwe nie ontkom nie, tensy aan die geregtigheid van God voldoen word."

HK vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly? Nee, glad nie. Inteendeel, sy toorn is verskriklik sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat onsself doen. Hy wil dit in tyd en in ewigheid met 'n regverdige oordeel straf ...

Die behoefte aan troos ontstaan dus uit:

1. Die sonde ( erfsonde en die wat ekself doen).

2. Die gevolge van die sonde (stukkende verhoudings, moeite verdriet, dood).

3. Die regverdige oordeel van God en sy toorn oor die sonde.

Met dit in gedagte is die vraag: Is daar troos?

Die antwoord is: JA! Die Evangelie bied troos. God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus ons Here.

*Die evangelie gee troos:God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus ons Here.*

Art.16 van die NGB:

Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam homself deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort het, Hom betoon het soos Hy is, naamlik, barmhartig en regverdig.

God is barmhartig, aangesien Hy diè wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus ons Here.

God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly, waarin hulle hulleself gewerp het. (Lees ook DLR.1.9)

Art. 17 van die NGB vervolg:

"Ons glo dat ons goeie God in sy wonderlike wysheid en goedheid die mens weer opgesoek het toe Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp het en geheel en al ellendig gemaak en al bewende van Hom weggevlug het. God het die mens toe getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en om hom salig te maak -sy Seun, wat uit 'n vrou (Gal. 4:4) gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel (Gen. 3:15)."

Die eerste belangrike les is: Die behoefte aan troos het ontstaan a.g.v. die mens se sonde en God se toorn oor die sonde.

Die TROOS waarna ons soek, die enigste troos, is nie in myself of in my omstandighede te vind nie. Die troos is van God, uit genade, afkomstig!

SOLA GRATIA!

Professor Mias de Klerk het altyd in die klas gesê:"Broers, lees julle belydenisskrifte. Bestudeer dit. Daar is 'n onskatbare, heerlike onvergelyklike rykdom van genade en troos in opgesluit.."

Die verskillende standpunte, ekskuus aksente wat orals rondhardloop maak dit elke dag meer aktueel.

Veral as ons onthou om nie te vergeet nie dat ons almal by belydenisaflegging gesê het ek glo "dat die **leer** soos in die **Ou- en Nuwe Testament** en in **die artikels van die Christelike geloof** vervat is en in die Kerk geleer word, die ware en volkome leer van verlossing is?"

*By belydenisaflegging het ons beloof om alle leringe wat afwyk van die suiwere leer, soos vervat in die belydenisskrifte, te verwerp.*

Verder het ons beloof om as lidmaat van die gemeente van Christus deur sy genade in die belydenis van hierdie leer tot die einde van ons lewens te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk, te verwerp?"

Of is dit ook outyds(tendensieus) om jou woord gestand te doen?

Alwyn Roux
Ned. Geref. Kerk Selcourt.

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Augustus 1991



# VERLOSTES WAT SONDIG ?

## 1 JOHANNES SE RADIKALE UITSPRAKE.

*"Iemand wat n kind van God kan is, doen nie meer sonde nie....iemand wat aanhou sondig, het Hom nie gesien nie en ken Hom nie"*

Die eerste brief van Johannes het die potensiaal om die gelowige in 'n verlossingskrisis te dompel. Radikale opmerkings word gemaak aangaande die ware gelowige inteenstelling met die valse gelowige.

Ware gelowiges (die eintlike kinders van God) leef nie in die duisternis nie en indien dit wel gebeur, lieg hulle as hulle sê dat hulle deel aan God het. (1:5-7). Hulle gehoorsaam die gebooie van God en indien dit nie gebeur nie, lieg hulle as hulle beweer hulle ken God (2:3-4).

Nog meer radikaal : Iemand wat die kind van God is doen nie meer sonde nie omdat die Gees van God in hom bly; en hy kan nie meer sondig nie, omdat hy 'n kind van God is (3:9,10).

*Tog sondig gelowiges! In so 'n mate dat Johannes daarvoor moet begroot: "En as een van ons sondig - ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak.." 1 Jh 2: 1*

Tog sondig gelowiges! In so 'n mate dat Johannes daarvoor moet begroot (2:1,2).

Nog meer hy sê, as ons beweer dat ons nie sonde het nie bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie (1:8,10).

Aan die anderkant weer die sonde wat ons nie kan (3:9) en nie moet (2:1) doen nie, doen ons tog en moet ons erken (1:9).

Nou hoe nou? Wie is dan kind van God? Hy wat in die lig lewe (1:7), of hy wat vertrou in Christus as *hilasmos*(versoeningsoffer, 2:2) ?

Miskien voel u dat hier 'n onnodige kontradiksie gepostuleer word nl. God se genade en menslike verantwoordelikheid.

Dit gaan hier egter om 'n wesentlike verskil. Of ons (is kinders van God vanweë God se genade, of ons is dit vanweë ons eie ons lewe in die lig, ons gehoorsaamheid aan die gebooie.

*Wat hier aan die orde kom is ten diepste die vraag na die grond van ons verlossing.*

Die vraag na wie nou eintlik God se kinders is, is in 1 Johannes is ten diepste die vraag na die basis(die grond) waarop ons verlossing plaasvind.

**1. Die sleutel vir helderheid: 5: 6-12,13.**

Dit word redelik algemeen aanvaar dat daar ooreenkomste is tussen Johannes se evangelie en brief (1 Johannes) t.o.v. onder andere die styl.

Soos Johannes 20:31 van kardinale belang is vir die verstaan van die evangelie en ook die klimaktiese perikoop van die evangelie voorafgaan, net so speel 1 Johannes 5:13 'n essensiële rol in die verstaan en gaan dit ook die klimaktiese perikoop van die brief nl. 5:6-12 vooraf.

Vers 13 is die hoeksteen van die brief se gedagtestruktuur. Dit lees as volg : Hierdie dinge (*tauta* verwys na die hele skrywe) het ek aan julle geskryf met die oog daarop dat julle kan weet (seker wees - subj. na *hina*) dat julle die ewige lewe besit, julle wat glo in die naam van die Seun van God. (Die laaste julle is volgens die teks eintlik hulle. Dit is duidelik dat *tois pisteuousin*(julle geloof)die grond vir die besit van die ewige lewe aandui.)

> *Johannes skryf hierdie brief sodat ons seker kan wees van die ewige lewe.*

In 5:6-12 blyk dit duidelik dat die hooffiguur hier die Heilige Gees is as getuie van Jesus Christus se inkarnasie (water - Sy doop) en sy offer (bloed). JC Coetzee bekyk in Neotestamentica 13 van 1979 hierdie perikoop in detail en slegs sy ter sake bevindinge word hier genoem soos blyk uit sy skematiese samevatting van hoofstuk 4: 7-18.

God se eerste groot liefdesgawe
= Sy Seun - ons lewe deur Hom
- Hy is die versoening vir sondes

God se tweede groot liefdesgawe
= Sy Gees - getuig van bg.(ortodoksie)
- lei in ortopraksie ogv bogenoemde.

Dit is duidelik uit gedeeltes soos 1:8 - 2:2 ; 4:7 -18 en 5:6 - 13 dat Christus se versoeningsoffer 'n sentrale gedagte is.

Eens en vir altyd het Hy versoening bewerkstellig. Daarom reinig Sy bloed ons van alle sonde (1:9) as ons ons sonde erken (1:8), ook ons daaglikse sonde (2:1,2).

Niks kan hierdie offer aanval of ondersteun nie. Selfs ons aanvaarding\glo hiervan word deur die Gees bewerk (1 Kor 2 o.a.) sodat ons nie eers kan sê die geloof is 'n werk of menslike aksie nie.

Die probleem bly egter: indien die verlossing uit genade die ruggraat van 1 Johannes se teologie is (soos ook blyk uit sy evangelie), wat van uitsprake soos 3:9 en 5:4 ?

**2.Johannese dualisme.**

Dit word algemeen aanvaar dat Johannes met 'n vertikale en horisontale dualisme opereer.

Met apologie aan Prof. J G v.d Watt sou ons dit as volg so kon voorstel.(Die gedagtes hieromtrent is nie noodwendig genoemde skrywers se standpunte nie.)

God se wêreld en ons leefwêreld (daarbo en hier onder) verskil radikaal van mekaar. Om kind van God te wees moet jy oor gebore word. God werk hierdie weergeboorte deur Sy Gees (Joh. 3).

Die gelowige besit dus 'n bonatuurlike oorsprong soos 3:9 dit wil aandui. Ons is nou van God se "aard" en sonde is dus in terme van hierdie raamwerk onmoontlik.

Dieselfde geld die horisontale of etiese dualisme. Daar is nie ruimte vir lig en duisternis nie. Of jy wandel in die lig, of jy wandel in die duisternis. Indien laasgenoemde, kan jy nie van God se aard wees nie.

Dit sal ons betaam om in ag te neem dat bg. nie ruimte laat vir 'n "reeds en 'n "nog nie" verstaan van die verlossing nie omdat dit presies die probleem is wat Johannes hier moet beantwoord. Julle mag nie sondig nie en tog sondig julle?

*Hier is nie sprake van 'n "reeds en 'n "nog nie" verstaan van die verlossing nie.*

Dit is dan nie verrassend nie dat ons in 3:2 iets van hierdie "reeds - nog nie" skema raaksien nie. Geliefdes ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees.

Sonder om hierdie uitsprake weg te redeneer, kan ons dit egter in perspektief plaas deur die volgende raamwerk van König te gebruik :

God bereik die verlossing vir ons
- Christus en paasgebeure.

God bereik die verlossing in ons
- Gees en Heiligmaking.

God bereik die verlossing met ons
- Voleinding.

*Daar is dus spanning tussen sonde en kind van God wees.*

Daar is dus spanning tussen sonde en kind van God wees net soos wat daar spanning tussen die eerste en derde modi van God se verlossing ten opsigte van ons is, soos hierbo genoem.

Indien Johannes se uitsprake in sake geen sonde, dus nie beteken dat ons moet ophou sondig voor ons gered kan word nie, maar verstaan moet word as waarhede wat voltrek moet word deur die Gees in die stryd tussen ou en nuwe natuur, wat dan van die geweldige fokus in die brief op die lewe van die gelowige?

Heinrich Theunissen
Ned. Geref. Kerk Ngagane Newcastle

**3. Die situasie van die gemeente aan wie geskryf word.**

Die situasie word nie volledig omskryf nie maar slegs ter sake gegewens word gegee.

Docetisme. Christus het nie regtig mens geword nie. Vanweë die gees-vlees dualisme van die gnostiek nie moontlik nie. Dan is Christus natuurlik nie genoegsaam Verlosser nie. Sy inkarnasie, sterwe, ens. is skyn. Hier teenoor beklemtoon Johannes dan Christus se legitimiteit.

Antinomianisme. Vanweë dieselfde dualisme is die geestelike belangrik. In die vlees kan egter enige iets aangevang word, want jy kan nie in die vlees sondig nie. Hier teenoor wys Johannes dat dit onhoudbaar is. Geen mens kan 'n kind van God wees, van Sy aard wees, die Gees ontvang as inwoner en onveranderd aanhou om in die duisternis te wandel nie. Inteendeel, 'n lewe deur die Gees het sekere kenmerke en dit versterk vir onsself die sekerheid dat ons wel aan God behoort.

**Samevattend.**

1 Johannes vertel dat verlossing en kind-van-God-wees realisseer op basis van twee gawes van God se liefdeskant af, nl. sy Seun en sy Gees. Hierdie gawes is o.a. uitdrukking van God se verbondstrou waarheid by Johannes, vlg Kotze in Neotestamentica 13 van 1979. Hierop is ons verlossing staan gemaak.

*Ons verlossing staan op God se gawes en nie op die sondeloosheid van ons eie lewens al dan nie.*

Die christelike lewe is nie fondament van die verlossing nie, wel die terrein waar die egtheid van ons kindskap getoets word.

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Augustus 1991

# AAN GOD ALLEEN DIE EER!

*Dit is sò dat mense se verstaan van die verhouding tussen God en mens, dikwels bepaal word deur hulle persoonlike ervaring met God in hulle lewe.*

As Bavinck die saak aan die orde stel begin hy met die (seker al bekende) beeld ontleen aan die Hindoeïsme nl. Die twee opvattings van die aap- en die katskool van denke.

Volgens die 'aap' opvatting sou 'n mens dan gered word wanneer hy, soos 'n klein apie aan sy ma, met alle mag aan God vasklou. Al is dit dus uiteindelik God wat hom red moet hy tog van sy kant met alle mag en krag vashou.

Die ander opvatting sien die saak soos die verhouding tussen 'n ma-kat en haar kleintjie. Wanneer gevaar dreig tel die ma eenvoudig die kleintjie summier (of hy nou wil of nie!) aan sy nekvel op en dra hom, dikwels al spartelend, weg van die gevaar. Sò word hy dan gered.

Nou sou 'n mens, aldus Bavinck, onder christen gelowiges, vanuit hulle ervaring met God, albei hierdie sienings kon aantref.

Jy sou aan die een kant 'n gelowige kry wat sê: "Natuurlik is die 'apie' opvatting reg. Ek het op 'n bepaalde oomblik in my lewe my toevlug tot Jesus geneem. Ek het my totaal en al op Hom gewerp en Hom vasgeklem, en ek weet dat Hy my gered het."

'n Ander gelowige weer, sou sê: "Die 'katjie' opvatting stel dit korrek. Ek het in my lewe teëgestribbel en gespartel maar Christus het my eenvoudig opgetel en met Hom saamgeneem. Daar is dus niks van my by nie - Alles is van Hom."

Uiteindelik, na aanleiding van Efesiërs 2:8, "Julle is inderdaar uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julle self nie; dit is 'n gawe van God", stel Bavinck dit dan dat die saak tog anders is wat die apie òf die katjie opvatting dit voorstel. Hy verduidelik dit sò (vry vertaal):

"'n Mens moet inderdaad iets doen, Hy moet in die geloof tot God kom, sy oë ophef tot God, aan God vasgryp. Maar selfs diè ding, wat die mens doen, die geloof, blyk tenslotte tog nog weer iets te wees wat God aan hom skenk. Ook daarin is dit slegs genade. Ek is eintlik so bly daaroor dat God dit sò stel. Ek moet iets doen, dit weet ek baie goed. Ek moet bid, ek moet soek, ek moet glo. Maar selfs in al hierdie armsalige "doen" van my, is dit nog die sterk arms van God wat my vashou. En namate ek vorder, leer ek al meer verstaan: Alles is van Hom. Selfs my vasgryp aan God's genade is 'n gawe, 'n wonder, wat Hy aan my geskenk het."

*Die saak is egter anders as wat die apie òf die katjie opvatting dit voorstel. Efesiërs 2:8 stel dit as volg "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julle self nie; dit is 'n gawe van God"*

*Die kruks van die Evangelie is dat ek uiteindelik, na alles wat ek gedoen het, en alles wat met my gebeur het, nie een klein stukkie vir my eie rekening neem nie.*

Tot sover Bavinck. Miskien is dit, soos hy dit hier stel, die kruks van die Gereformeeerde verstaan van die Evangelie. Dat ek uiteindelik, na alles wat ek gedoen het, en alles wat met my gebeur het, nie een klein stukkie vir my eie rekening neem nie. Maar dat dit gewoon daaroor gaan dat God al die eer kry. HY ALLEEN!

**Rudie Erasmus**
**Ned. Geref. Kerk Drakensberg Vallei.**

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Augustus 1991

# 'n BISKOP VAN 'n PION![1]

## By die verwelkoming van 'n nuwe leraar.

Woorde het min waarde, maar waardes het woorde. Daarom beperk ek my, in hierdie verwelkomingstoespraak, by WAARDES wanneer ek vir u sê wat hierdie kerkraad van u verwag tydens u bediening alhier.

1.**Vanselfsprekend word allereers van u verwag om die Woord suiwer te verkondig.**

*Die Woordverkondiging behoort altyd verbondsmatig te wees.

*Die genade van Jesus Christus behoort in elke preek 'n prominente plek te kry.

> *Strukture mag lidmate dalk beïndruk, maar is dikwels kwantitief en oppervlakkig.*

*Eweneens behoort die gemeente gereeld opgeroep te word om te glo dat ons reeds van ons sondes verlos is.

*Wanneer ons dit glo, moet ons dit ook bewys deur dankbaarheidsdade (Jak.2:14).

2.**Die kweek van goeie gesindhede is vir ons belangriker as allerlei strukture.**

*Strukture in 'n gemeente mag lidmate dalk beindruk, maar is dikwels kwantitief en oppervlakkig. Dit laat mense eensaam langs die pad.

*Daarenteen is goeie gesindhede simptomaties van kwaliteit en diepte van geloof. Dit het niks te doen met Metodisme nie. Dus moet 'n Gereformeerde kerk hom hiermee besig hou sodat lidmate kan groei in die geloof.

3.**Aangaande huisbesoek vra ons twee dinge van u:-**

*Eerstens word nie van u verwag om bloot sosiale besoeke af te le tydens huisbesoek nie, maar om u besig te hou met intensiewe ampsbediening. U kan dieselfde van kerkraadslede verwag.

*Tweedens vra ons dat u tog maar ons bejaardes en krankes gereeld sal besoek.

4.**Die Kerklike Opsig en Tug**

Ooreenkomstig Mattheus 18, behoort dit tot die wese van die kerk. Daarom is dit 'n item wat op die Sakelys van elke kerkraadsvergadering verskyn. Ons vertrou dat u hierdie werk net so belangrik ag en baie aandag daaraan sal gee.

*Hier word van u as Pastor baie liefde en geduld gevra, veral omdat resultate soms baie tyd neem.

*In hierdie opsig wil ek vir u as leuse die volgende gee: "Dit is altyd te vroeg om moed te verloor".

5. **U bedieningstyl.**

Aangaande u bedieningstyl wil die kerkraad graag ruimte laat vir u eie styl omdat u 'n ander mens is as u voorganger,(vervolg op agterblad)

---

1 N.a.v. 'n artikel deur Dr. P. Coertzen in Die Kerkbode van 26 April 1991, "Ouderlinge is kragtige pionne". Daarvolgens sou Oepke Noordmans gesê het dat die Pous tydens die reformasie skaakmat gesit is met die pion van die ouderling. Die skrywer hiervan is so 'n ouderling. (Red.)

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Augustus 1991

EBM

EFFECTIVE BUSINESS MACHINES

XEROX KOPIEERDERS

FAX MASJIENE

P.C'S & DRUKKERS

TIKMASJIENE

Takke :-

Johannesburg 880-4130
Benoni 422-4210
Secunda (0136) 347727

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Augustus 1991

# 'n Biskop van 'n pion!

voorganger, net soos wat hy verskil het van sy voorganger.

*Ek wil my graag haas om die hoop uit te spreek dat u ook ruimte sal laat vir die beginsels van die kerkraad.

*Ons moet voortdurend mekaar aanmoedig om getrou te wees in ons ampswerk. Derhalwe sal ons van u verwag om ons aan te moedig, en selfs aan te spreek waar nodig. Eweneens sal ons ook poog om u aan te moedig en by te staan, mits u getrou bly aan die Gereformeerde leer van die Kerk van Christus.

Hiermee wens ek u en u gesin namens die kerkraad en gemeente, 'n baie aangename verblyf toe in Benoni-Noord se klein gemeentetjie. Wees verseker daarvan dat u baie welkom is. Ons sien uit na goeie samewerking tot eer van Christus en Sy Kerk.

Laastens wil die kerkraad die gemeente bedank vir samewerking tydens die pas-afgelope vakature. Ook die Ringsleraars word bedank vir hulle hulp in hierdie tyd. **Aan God al die eer want ons het steeds Sy kerk gebly, selfs al was hier nie 'n leraar nie.**

Rian van der Merwe
Ned. Geref. Kerk Benoni-Noord.

## Van Der Merwe...

### en die GROOT vraag?

